

**Johan Claassen
Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

**MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS**

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

**ENBRITE
ELEKTRIESE MPY.**
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.

Besoek ons vir elektriese
benodigdhede, hardeware,
vlekvrye staal, porselein-
ware en tafellinne van hoë
gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXII

WOENSDAG 17 MEI 1967

No. 11

SKAKELTOER 'N SUKSES SÊ S.R.-VOORSITTER

DIE werklike waarde van die Skakeltoer het daarin gelê dat die P.U.-Studenteraadslede uit hul omgewing gelig is en toe op 'n veel meer objektiewe wyse ons studentelewe krities kon beskou. So het die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Willie Coetzee, oor die pas afgelope skakeltoer van die Studenteraad in 'n onderhoud gesê.

Tydens die toer, wat van 3 tot 10 Mei geduur het is vier universiteite besoek. Hulle is U.O.V.S., Stellenbosch, Port Elizabeth en Rhodes. Op die toer is 2200 myl per kombi afgelê. Die Studenteraadslede wat die toer meegemaak het, is mnr. W. Coetzee, B. de Klerk, J. van der Walt, G. Coetzee, D. Laufs en mej. R. de Klerk.

Mnr. Coetzee het gesê dat die groep op elke kampus baie vriendelik ontvang is. Sake in verband met die studentelewe as geheel is bespreek. In elke geval het albei Studenterade geweldig daarby gebaat, het mnr. Coetzee gesê.

BEHOEFTE

„Uit korrespondensiestukke voor die toer en alle samesprekings het die groot behoefte aan skakeling op inter-Studenteraadsvlak telkens geblyk.”

Mnr. Coetzee het gesê dat die P.U.-afvaardiging hom op bekwame wyse van sy taak gekwyd het en dat die toer beslis as 'n groot sukses beskou kan word.

Vereniging vir Geskiedenis gestig

'n Geskiedenisvereniging is aan die P.U. gestig. Sowat dertig belangstellendes was teenwoordig op die stigtingsvergadering van die vereniging, wat op Donderdag 11 Mei plaasgevind het.

'n Lid van die bestuur het aan ons verslaggewer gesê dat die vereniging as doel het om kontak tussen studente in die geskiedenis te bevorder en belangstelling in die geskiedenis aan te wakker. Verder wil die vereniging hydra tot die opsporing en instandhouding van dinge van historiese belang.

KOSHUISBESTUURDER PRAAT OOR KOS

„Die spyskaartstelsel blyk baie geslaagd te wees. Die enigste klagtes wat eintlik nog oor die kos voorkom, het te make met die voorbereiding daarvan,” het mnr. W. J. Coetzee, die P.U. se koshuisbestuurder, in 'n onderhoud aan 'n verslaggewer gesê.

Hy het ook genoem dat hy verskillende veranderinge aan die spyskaart in die nabye toekoms beoog. Die koshuise sal o.a. nou moontlik ook 'n volledige koe eie in die middel van die week kry.

OMRUIL

„Blote wolhaarstories!” was mnr. Coetzee se kommentaar op 'n vraag of die gerugte gegrond is dat Dawie Doep en Over de Voor se inwoners volgende jaar plekke sal moet omruil, wat koshuise betref, met Klawerhof en Oosterhof.

KAFETERIA-STELSE

Verder het mnr. Coetzee bevestig dat Huis Rus wel volgen-

'n Volledige verslag van die skakeltoer sal op 'n eerskome massavergadering voorgelê word, het mnr. Coetzee verklaar.

SWAK „GEES”

„Die „sing-songs” van verlede Dinsdagaand getuig van 'n swak „gees”, het mnr. Hans Erasmus, onder-dirigent van die P.U. in 'n onderhoud gesê. Hy het die swak opkoms by die „sing-songs” betreur. Minder as die helfte van die saal was gevul, hoewel dit die dag voor die rugbywedstryd teen P.O.K. was. Verder is die aspirant-dirigente nie die nodige geleentheid gegee om op te tree nie deur aanmerkings en gebrek aan reaksie van die kant van die aanwesiges.

„Hoe gaan hulle so die aspirant-dirigente leer ken?” het mnr. Erasmus gevra. Mnr. Erasmus het 'n beroep gedoen op die P.U.-studente om die „sing-songs” beter te ondersteun.



MNR. W. J. COETZEE

Foto: Fotokuns

Belg besoek P.U.

Prof. dr. Jan J. Bouckaert, rektor van die Universiteit van Gent (België) sal op 24 Mei 1967 'n kort besoek aan die P.U. vir C.H.O. bring.

Hy kom op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse - Belgiese kultuurverdrag onder beskerming van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en sal die persoonlike gas van die rektor, prof. H. J. J. Bingle, wees.

Hy sal tydens sy besoek die kampus besigtig en ook alle ander bestanswaardighede.

V.I.C.S. gestig

'n Vereniging vir Industriële Chemie-studente is verlede Donderdag aan die P.U. gestig. 'n Bestuurslid het aan 'n verslaggewer gesê dat die vereniging uit sowat vyftig lede bestaan. Die vereniging berus op 'n Christelik-nasionale grondslag en stel hom ten doel om die Industriële Chemiestudente se belange te bevorder, Industriële Chemie as vakrigting in die nywerheid bekend te stel, en te skakel met soortgelyke verenigings.

DIETSE IMMIGRANTE WORD AFGESKEEP

„Duistere magte is aan die werk om die Afrikanervolk te ondergrawe en die aanpasbare Dietse immigrant uit die land te hou.” Dit is die woorde van mnr. J. van de Graaf, stigterslid van die Maatkskappy vir Europese Immigrasie en lid van die Dietse Federasie.

Mnr. Van de Graaf het 'n onlangse vergadering van J.V. Deo Gloria toegesprek oor immigrasie in Suid-Afrika. Dit het al gebeur dat aansoeke van immigrante by die ambassades verwerp word, en selfs as die applikant alle kwalifikasies vir die beroep waarvan daar 'n tekort in Suid-Afrika is, besit, het mnr. Van de Graaf gesê.

MIDDELEEUSE

Volgens mnr. Van de Graaf is die Vlaming die beste aanpasbare immigrant en statistieke toon dat 85 persent van die immigrante uit Vlaandere al na die drie Afrikaanse Kerke oorgekom het, terwyl die ander 15 persent op die kerfstok is van die Afrikaner se nalatigheid. „Watter krag dra die aanklag dan dat die meeste Vlaminge



Die Staatspresident het Potchefstroom Vrydag besoek. Hy het 'n kort woord gelewer by die hoeksteenlegging van die nuwe P.O.K.-koshuis, Huis Nellie Swart. Dit was die laaste openbare optrede van mnr. Swart as Staatpresident.

Foto: Fotokuns

KONFLIK IN V.S.A.-BELEID TEENOOR S.A., SÊ WORRALL

„Die konflik tussen realisme aan die een kant en idealisme aan die ander kant word duidelik weerspieël in die V.S.A. se beleid teenoor Suid-Afrika.” So het dr. Dennis Worrall, Senior lektor in die Staatsleer aan die Universiteit van Suid-Afrika, onlangs in 'n referaat, gelewer tydens 'n gesamentlike seminar van die Sentrum vir Internasionale Politiek en die Afrika-Seminar, aan 'n groot gehoor gesê.

Hy het gesê dat die buitelandse beleid in Amerika grootliks in die Verenigde Volke gevorm word. Die beleid wat Amerika

teenoor Suid-Afrika handhaaf, is gebore in die stryd van die koue oorlog. Veral sedert 1960 is die aandag op Suid-Afrika toegesps.

BELANGEGROEPE


Die hele Amerikaanse buitelandse beleid word deur 'n ingewikkelde aantal faktore bepaal, het dr. Worrall gesê. Verskeie belangegroepes, soos die staatsdiens, die V.V.O.-afvaardiging, die Pentagon, die Amerikaanse Kongres en die besigheidssektor speel almal 'n rol in die formulering van die beleid. Sommige in meerdere, ander in mindere mate, afhangende van omstandighede en die mate van politieke druk wat uitgeoefen word.

OPMERKLIK

Dit is opmerklik, het dr. Worrall gesê, dat die idealistiese in die beleid hoofsaaklik uit kerklike en akademiese geleerde kom, terwyl die realistiese siening dié is van die militêre en besigheidsorganisasies.

Skaakklub slaan groot slag

Die P.U.-skaakklub het Saterdagmiddag 13 Mei 'n groot slag geslaan toe hulle die sterk span van Tuks-buitemuurs naelskraap met 11-9, verslaan het.



AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

BULT-APTEEK

ONS SPESIALISEER IN

GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE

TOMSTRAAT
88B & C

FOON
5943, 3377

J HEIDEMA

vir

FIETSE

en vakkundige

Herstelwerk

Opberging

van fietse gedurende
vakansies.

Kerkstraat 48 — Tel. 5319

GISELA MAIWALD

Fotograaf en
Fotografiese

dienste.

TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOMRuikers vir alle
geleenthede

BOUQUET

BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou

Tel. 6575

POTCHEFSTROOM

GROSVENOR MOTORS

LOMBARDSTRAAT 47

KERKSTRAAT 69

TELEFOON: 4351/2/3

GEMAGTIGDE

—FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA —

CORSAIR — ZEPHYR —

ZODIAC — FAIRLANE en

GALAXIE

Asook:

Vespa

en

Lambretta

BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
BESOEK:

APTEKERS

J. P. VAN DER

WALT

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118

Potchefstroom

TELEFOON: 3237

die WAPAD

WOENSDAG 17 MEI 1967

„GEES”

Die onlangse optrede van P.U.-studente by die „sing-songs” het die aandag weer eens gevestig op 'n verskynsel wat in die afgelope jare al duideliker na vore gekom het: die dekadensie van die algemene studentegees.

In die jongste tyd was daar heelwat bespreking oor die „gees.” Met die afskaffing van vreugdedag en van inlywing het krete opgegaan dat die Pukke geleenthede ontnem word om die algemene studentegees tot uiting te bring.

Hoe 'n mens ook al die afskaffing van die twee instellings wil bekyk, is baie duidelik dat die algemene houding van die studente self in nie geringe mate daartoe bygedra het dat daar nie meer mee voortgegaan kon word nie.

Die swak bywoning van „sing-songs” wys daarop dat die gebrek aan kanale van uitlewing nie primêr verantwoordelik is vir die toestand nie. Daar is 'n skroef los met die Puk se „gees”.

Kommissies is aangewys om

na die verlore „gees” te soek. Wenke is aan die hand gedoen. Die kommissies en raadgevers kon egter, wat hulle ook al geprobeer het nie die fundamentele fout herstel nie — die gesindheid van die studente.

Die gesindheid van baie studente (hoewel glad nie almal nie) in die huidige tyd skyn te wees dat alles waar dit om gaan hulle eie plesiertjies bevredig moet word. En die ongelukkige is juis dat die student van vandag bevredig wil word deur oppervlakkige smakelose en platvloerse pret. Van ware studentepret is daar nie veel oor nie.

Die houding skyn in 'n baie opsigte iets algemeens te wees in die moderne samelewing. Oral vind ons die massages met sy oppervlakkige massawaardes wat soek na oppervlakkige passiewe ontspanning.

Solank die oppervlakkige massages op die Puk bly, solank sal die Puk se „gees” soek wees.

SOSIAAL-AKADEMIES

Met die stigting van twee nuwe sosiaal-akademiese verenigings verlede week, kom die getal verenigings van hierdie aard nou reeds op dertien te staan.

Die groei in aktiwiteit op sosiaal-akademiese gebied toon die groot belang van eenheid tussen die sosiale en die akademiese aan die universiteit in die huidige tyd. In die verenigings word die studente van die onderskeie vakrigtings nouer bygebring. Ook dien die verenigings daartoe om die belangstelling in die betrokke vakrigting aan te wakker.

Hoewel die groot positiewe waarde van sodanige verenigings duidelik is, staan die bloei van sodanige verenigings tog nie heeltemal los van 'n onrusbarende tendens in die huidige tyd nie, nl. van spesialisasie. Vandag is die studie in elke vakgebied reeds so intensief dat daar eintlik heeltemal in die rigting opgegaan word. Selfs op sosiale vlak vind skakeling hoofsaaklik plaas met vakgenote.

Dit is noodsaaklik dat die student nooit die breë perspektief in die wetenskap verloor nie. 'n Ware akademikus is in die wetenskap as geheel

geïnteresseerd. Hoewel hy hom toespits op een gebied, wil hy tog graag op hoogte bly met die jongste ontwikkelinge by ander wetenskappe.

Aan die P.U. is daar 'n groot gebrek aan geleentheid om ook van ander wetenskappe kennis op te doen. Om lesings in ander rigtinge by te woon, is weens tydsgerebte en weens die gevorderdheid in die betrokke wetenskap wat in lesing veronderstel word, nie 'n baie doeltreffende metode nie. Interfakultêre lesings vervul slegs op 'n baie beperkte skaal in die behoefte.

Dit is juis hier waar daar 'n groot taak lê vir die sosiaal-akademiese verenigings. Die verenigings se aktiwiteite kan bygewoon word deur belangstellendes van ander vakrigtings. 'n Nog doeltreffender metode is dat die verenigings onderling met mekaar skakel, gesamentlike byeenkomste hou en gesamentlike aksies loods, wat daarop gemik is om mekaar bekend te stel.

Op hierdie manier kan die sosiaal-akademiese verenigings bydra aan die groot taak om aan die P.U.-student 'n breë perspektief en sterker akademiese inslag te gee.

Studente skryf en praat . . .

„Wil hy sy eie gelede suiwer en lewenskragtig hou, sal die A.S.B. op Stellenbosch gewillig moet wees om die „fools paradise” wat hy vir homself t.o.v. getalsterkte bewerk het, as sodanig te ontmasker en sy eie kudde bymekaar te roep — ook al is dit net 'n handjievol. — Hoofartikel, die Matie.

„We ask the administration to reconsider its decision and not to turn residences into anti-social profit-making concerns.” — Hoofartikel, Varsity.

„Hierdie hoofartikel is geensins bedoel om maar weer een van die sovele „welluidende” politieke sedepreke te wees nie. Inteendeel; van hulle is daar vandag heeltemal genoeg.” — Hoofartikel, die Pootjie.

„So it is indeed a great pity that this year's Rag Committee has seen it necessary to bribe the students to earn money for charity.” — Hoofartikel, Rhoeo.

In U Lig

„Hy sal bloei soos 'n lirie en sy wortels uitslaan soos die Libanon” (Hosea 14: 6b).

Die lewendmakende krag van God het ons opgewek tot 'n nuwe lewe — en dit moet ons in ons lewe toon. Hosea beskryf hierdie nuwe lewe met die beeld van die lirie en die Libanon.

In die eerste plek moet ons die subtiële skoonheid van die lirie vertoon. In Gods Woord word die lirie dikwels as beeld gebruik om skoonheid te simboliseer.

Die ware Christen moet aan die skone gestalte van Christus se verheerlikte liggaam gelykvormig word. Die soendood van Christus maak van ons glansende pèrels. Die skoonheid van die genade wat ons in Christus ontvang, verdring die vuil vlekke van die sonde in ons harte. In die wedergebore hart moet die onaanskoulike, die sonde, plek maak vir die edele en die mooie.

Hierdie innerlike skoonheid moet in ons woorde en dade weerspieël word. Soos die lirie sy hele omgewing verfraai met sy skoonheid, so moet ons ook die kampus met die edele en mooie van die wedergebore hart verfraai. Ons hele lewenswandel moet die genade wat ons van God ontvang het, uitstraal.

In die tweede plek moet ons ook so vas staan soos die Libanon. Hosea vergelyk die uitlopers en die voet van hierdie magtige berge met boomwortels wat diep in die grond gevestig is.

As ons in God veranker is, sal ons nooit wankel of beswyk nie. God skenk aan ons die krag en genade om beginselvas te staan in 'n vyandige wêreld sodat ons ook die wetenskap in „U Lig” kan beoefen. Hy gee aan ons die moed van 'n geloofsheld.

Hierdie twee eienskappe vul mekaar aan en sluit mekaar nie uit nie. So dikwels het ons wel innerlike skoonheid, maar nie vaste beginsels nie. Aan die anderkant is ons soms 'n beginselvas stryder wat hard en koud is in ons optrede. Van so 'n eensydigheid is daar in Gods Woord geen sprake nie.

- Deur My Lens -

Die dae word kouer en die son word minder. En om algehele verysing te voorkom, dra die Pukdames die allerkleurigste en fleurigste winterdragte. Rooi en rooi en rooi. Alles nuut en volgens die huidige modeblaie.

KOKKEWIETERIGHEID

Dit dan oor ons dames. En oor hulle jeugdige fleurigheid. Mens het net een naweek op Pretoria se universiteitskampus nodig om die spontane jonkheid van ons meisies weer met nuwe oë te betrag. Sonder te veel gesigsverf, sonder onvroulike „vroulikheid,” maar tog met genoeg kokkewieterigheid. Hierdie is geen plek vir my om gedigte te skryf nie maar net: ons meisies op die P.U. is mooi meisies.

NIE-BLANKES

Die skakeltoer is darem veilig tuis (Hulle het toe nie met fletse gegaan nie). Is die belangrikste oit met ander studentrade bespreek? Dit lat ons Afrikaanse Universiteit nou haas moet maak om 'n gesamentlike grondslag te vind waarop die nie-blanke kollegestudente ontmoet kan word. Gaan die Afrikaner weer wag totdat die anderdenkende hom voorgespring het? Potchefstroom behoort hier voor te loop.

Dan die interkoshuiskonsert van Saterdagdaand. Ek kan dit met reg 'n kunskonsert noem, afgesien van daardie poging waar die woorde érens verlore geraak het. (Nietemin, dit was darem grappig.) Dit was 'n mooi opheffing uit die „platvloerse en aan bedroewendgrensende smaak.”

DEBATSANDE

Maar van die kunskonsertjie wat ons deesdae hou moet ons met trane afstap na die ongewone debattekuns wat tans op die P.U. 'n Ciceromaanse era betree. Vir hierdie toegewydheid moet ons die debatsbestuur bedank. (Hulle is verantwoordelik vir al die glorieryke debatsaande).

Ons Staatspresident se optrede 'n paar honderd tree van ons kampus het byna onopgemerk verbygegaan. Waar is die dae toe ons mekaar nog patrioties

met knopkieries sou bydam om 'n staanplek te kry?

REFLECTOR

ons flitsgedergte

Natuurlik kan daar geen beginselbeswaar teen ingebring word nie, want drank is ook 'n gave van God wat as gave reg gebruik en reg geniet moet word.

Ongelukkig is dit nie die volle verhaal nie.

Drank kan ook Godonterend wees.

Drank kan ook mensvernietend wees.

Drank kan ook die jeug (en die bejaardes) vernietig.

Dis egter nie ter sake nie — dis algemene kennis.

Die punt wat ek eintlik wil maak is drankgebruik en studente.

Misbruik, meen ek, kom weinig voor in geïsoleerde gevalle. Dit vra dan ook streng optrede. Gebruik van drank onder studente kom meer algemeen voor — dis hulle goeie reg binne die perke van die norm.

En tog wil ek hier 'n kritiese aantekening maak.

Dit gaan nie om die verjaardagsgelukwensing, die geleentheidsglasie, die bottel tafelvyn ens. nie.

Dit gaan om die gewoonte om gereeld, somaar vir tydverdryf of 'n bietjie ontspanning, gou af te ry en in 'n hotelkroeg of sitkamer 'n glasie te klink. Een maal, somaar vir die snaaksheid daarvan wêre 'n geleentheid terwille van geselligheid; miskien weer 'n slag om so 'n bietjie grootman te voel . . . ek sal nie nagte hieroor wakkerlê nie! Dis hier en daar en dan en wan.

Maar wanneer gereeldheid so toeneem dat dit iets van 'n lewenspatroon of naweekspatroon word, raak dit onvanpas. Al sou alles ordelik toegaan en geen vergrype plaasvind nie.

Onvanpas is die woord.

WM.

NOG SOEK ?



Ons Lesers Skryf

MOENIE OORDRYF NIE,
Sê KOORAFRIGSTER

Geagte Redakteur, — Na aanleiding van die artikel deur P. H. R. in die vorige Wapad: „Lae peil handhaaf op konsert,” wil ek graag die volgende feite onder die aandag van die skrywer en van die studente bring.

'n Koshuis (trouens enige koshuisuitvoering) is 'n kulturele aksie uitgevoer en afgerig deur amateurs met die minimum tyd tot hulle beskikking en onder uiters negatiewe omstandighede. Toevallig rig ek self 'n koshuis-koor af, en het ek gevolglik te kampe met die volgende probleme: A.g.v. aandklasse kan lede op die vroegste 9.30 nm. begin oefen.

KOUD

Die koshuis-sitkamer mag slegs 'n halfuur lank gebruik word omdat 'n kooroefening die studerende dames (hulle het gedeeltelik my simpatie) hinder. Totiusaal is elke aand beset, en ongelukkig is die klavier in die Hoofgebouaal verkoop. Die Konservatorium sluit om 10.00 nm., en buitendien . . . koud is die windjie en skraal . . .

TRAGIES

P.H.R., onder hierdie tragiese omstandighede het die koshuis-kore besonder goed gevaar! En betreffende u idealistiese idee van „harde en onveriddelijke eise” om die „streng taak” se beloning te bring in die „gemoeidelike lewe” vir my, P.H.R., was my drie jaar van graadstudie alles behalwe gemoedelik! Trouens 'n akademiese inrigting stel die onverbiddelike eis dat akademie primêr sal wees en kultuur en sport ondergeskik, maar geïntegreer tot 'n gesonde balans.

Die A.B.K.K. verdien alle lof vir die uitbou van kultuur op die P.U., maar ek wil hulle waarsku: moet dit nie oordryf nie. En u P.H.R., wil ek waarsku: onsimpatieke kritiek (dié teen onsmaaklike grappe uitgesluit) demp 'n gesonde gees en verflou die inisiatief van die studentemassa.

LORENNE DU PLESSIS



MEJ. M. MARSHALL

Oop gesprek goed indien gemotiveerd, sê prof. De Klerk

„ONS moet piek gee aan die oop gesprek wat reg gemotiveer is en die geslotenheid wat reg gemotiveer is. In die beklemtoning van albei hierdie instellings lê die ewewigtheid en die waarheid.”

So het prof. W. J. de Klerk, hoof van die departement Etiek en Logika aan die P.U. onlangs op 'n vergadering van Korps gesê. Prof. De Klerk het gepraat oor „In gesprek met die vraagteken?”

Prof. De Klerk het gesê dat die Calvinisme anti-ekstremisties is. Dit handhaaf ewewig as 'n beklemtoning van twee teengestelde waarhede. Daar is geen sprake van 'n ewewig tussen 'n waarheid en 'n valsheid nie, het hy gesê.

VERSTARRING

Prof. De Klerk het openheid wat begrippe soos kompromisisme, neutralisme en solidariteit vooropstel verwerp. Hy het ook geslotenheid verwerp wat die eie standpunt hoogmoedig verhef, niks te doen wil hê met 'n ander

standpunt nie en in verstarring bly vassteek. Die geslotenheid openbaar hom in 'n gebrek aan selfvertroue.

GETUIENIS

Die regte motiewe vir die oop gesprek is drang na begrip van die probleme van ons tyd, drang na selfkritiek, verkenning van nuwe weë en die roeping om getuienis van die eie standpunt te gee.

NIE-BLANK

Prof. De Klerk het gesê dat die oop gesprek nodig is in die kerklike lewe in evangelisasie en

met kerke met dieselfde belydenis. In die politieke lewe het prof. De Klerk die oop gesprek bepleit tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika ter wille van die beleid van parallelle ontwikkelings asook tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Ook moet met die volke van Afrika in gesprek getree word ter wille van begrip van hul probleme en samewerking.

Prof. De Klerk het die oop gesprek in die studentelewe bepleit deur middel van uitwisseling van gedagtes met die doel om die P.U. se standpunt uit te dra. Hy het gesê dat die insig van die studente daardeur verruim word en die eie standpunt daardeur begroot word.

„Ons moet die kromgetrekte, dreigende vraagteken met moed bestorm en in gebondenheid aan die waarheid die vraagteken met albei hande gryp om hom uit te rek tot 'n uitroepende vir die waarheid van ons Christelike visie,” het prof. De Klerk ten slotte gesê.

Geldenduys en Marshall debatteer

Onder beskerming van die Stellenbosse debatsvereniging het die presidente van Nusas en die A.S.B. onlangs vir die eerste keer in jare saam op die verhoog vir 'n debat verskyn.

Sewehonderd studente het gehoor hoe mnr. Boy Geldenduys, president van die A.S.B., en mej. Margaret Marshall, Nusas se presidente, hulle onderskeie organisasies bespreek het.

AFRIKANER

Mnr. Geldenduys het in antwoord op 'n vraag uit die gehoor of hy en mej. Marshall nie wel iets in gemeen het aangesien hulle albei Suid-Afrikaners is nie, gesê dat hy eerstens 'n Afrikaner is en dat dit vir hom onmoontlik maak om enigiets in gemeen met mej. Marshall, wat Engelssprekend is, te hê.

NASIONAAL

In haar toespraak het mej. Marshall o.a. gesê dat 'n liggaam nie die reg het om homself as 'n nasionale liggaam te beskou as alle afdelings van die studentebewolking nie die reg het om daarby aan te sluit nie.

UITNODIGING

Alhoewel mnr. Geldenduys 'n uitnodiging om Nusas se jaarlikse kongres vanjaar by te woon van die hand gewys het, het hy homself bereid verklaar om later weer teen mej. Marshall in 'n debat te staan te kom by die Universiteit van Kaapstad.

Die bestuur van die debatsvereniging was verdeeld oor die vraag of die landsvlag by die vergadering vertoon moet word. Daar is besluit om die vlag nie te vertoon nie.

SANSAP/DIE MATIE

OU JAKKIE TREE AF

Nog 'n bekende figuur sal aanstons nie meer op die kampus te sien wees nie, soos so baie van die Puk se eksentrieke persoonlikhede het ou Jakkie ook nou die aftree-ouderdom bereik.

Kompleks se studente dink met liefde terug aan die ou bruin man wat nou gaan rus op sy erfplaas by Machavie, en wat sy af-aande so getrou opgeoffer het om vir die „kenners” tee te maak. Hy het darem belowe om so dan en wan vir sy basies te kom kuler.

Ou Jakkie is minder bekend as Joko Lukas Rapulane, die klonkie wat vroeg in die eeu die lewenslig hier lewers aanskou het, en wat maar hier orals in die kombuise gewerk het voordat hy in 1933 in die Kompleks-kombuis kom werk het.

KINNERS

Hy is 'n vriendelike ouman,

tenspyte van sy kortaf manier van praat en vol liefde vir sy medemens, veral die inwoners van Kompleks. Mev. Du Buisson, die huismoeder vertel dat sy op 'n keer vir hom gesê het om minder melk vir die studente se tee te neem. Sy reaksie hierop was: „Bly stil! Die kinnars moet drink!”

BAAS BIMPIE

Op 'n vraag aan ou Jakkie of hy van die studente gehou het en watter baie stout was, het hy geantwoord: „Hom almal galaaik! Hy's Baas Bimpie de Klerk, baas Vorster . . . (nog 'n rits ander) Was nie stout nie — sommar speel.”

MENINGS GEVRA OOR
HUISGODSDIENS
IN KOSHUISE

Tydens 'n onlangse meningsopname op die P.U.-kampus het uiteenlopende menings oor huisgodsdien in die koshuise aan die lig gekom. „Huisgodsdien het nou slegs 'n gewoonte en gebruik by die meeste geword, want die Skriflesing word met spoed afgerammel en die sang is maar net 'n onderlangse gebrom deur die manne.” Dit is die mening van mnr. J. Fourie van Dawie du Plessis. Wat mnr. Isak Kruger van dieselfde koshuis pla, is „ons bid almal: dink aan hulle wat minder bevoorreg is”, en dan gooi ons die kos in die eetsale rond — Hoe rym dit?”

Mej. Susan Fourie van Oosterhof meen dat die roetine van godsdiensoefening afbreuk doen aan sy doel. Om die skietery saans uit vrye wil by te woon is in harmonie met die beginsels van die P.U. en dit rym ook met ons eie Christelike norme. Daarom meen sy dat die ete saans nie verplig moet wees nie.

GESIN

„Huisgodsdien is 'n mooi tradisie van die Afrikaner” sê mej. Kitty van Heerden van Ons Huis. Sy hou ook daarvan dat die mans by die damesseatsale gaan skiet. In die verband sê mej. Fourie dat dit 'n huislike atmosfeer skep. Ook mej. Rosa Pieterse van Oosterhof is dit eens dat die manne in die dameskoshuise moet skiet. „Die godsdien neem 'n meer gewyde

en waardige kleur aan, dit versterk die gesinsindruk.”

SIELKUNDIG

Al die mense is dit eens dat die skietery liewers aan die einde van die ete moet geskied, aangesien die mense honger en ongeduldig is, dan net wil eet. Mnr. Izak Bekker van J.v. Rooy sê dat as daar na ete geskiet word dit „'n ware huisgodsdien-atmosfeer” skep. Mnr. Bekker het dit ook teen die opmerkings wat soms in die manseatsale gemaak word as iemand opstaan om te skiet.

Mej. Marianne Buys, Oosterhof het gesê: „As 'n mens godsdiensoefeninge van ander instansies aanhoor, is jy dankbaar vir wat jy hier kry. Hier bly dit by Godsdiens en is daar geen gedwepery nie.”

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir

Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”


Kerkstraat 91—95

Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borchardstraat

Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM



„Ons Dorp” word opgevoer

„Ons Dorp” — 'n vertaling van Thornton Wilder se baie bekende familiedrama „Our Town” word vanaf 29 Mei tot 3 Junie 1967 in die Totiussaal deur die departement Spraakleer en Drama van die P. U. vir C. H. O. opgevoer.

Die regie word behartig deur Jacques Loots, vroeër bekende omroeper/regisseur by die S.A.U.K.

Die opvoering belooft om 'n nuwe teaterstyl aan Potchefstroom bekend te stel, die sógenoemde „teater in die ronde.”

Potch. Inryteater

(EDMS.) BPK.

TEL. 5307

FRIDAY, SATURDAY,
MAY 19 and 20:

First Session
SECRET AGENT TIGER

Second Session
BEAU GESTE

MONDAY, TUESDAY,
MAY 22 and 23:

FRANK SINATRA
DEBORAH KERR
DEAN MARTIN
NANCY SINATRA

A Delightful Comedy . . . Laced
with a Big Jigger of
Sophistication !!!
This is Something DIFFERENT and
BETTER

**MARRIAGE ON THE
ROCKS**

In Technicolor.
Warner Bros.

WEDNESDAY, THURSDAY,
MAY 24 and 25:

STEVE COCHRAN
HILDEGARDE NEFF
In the Great and Thrilling
Adventure Drama !!!

MOCAMBIQUE

Technicolor — Techniscope

FRIDAY, SATURDAY,
MAY 26 and 27:

First Session
**MARRIAGE ON THE
ROCKS**
Second Session
MOCAMBIQUE

GRAND THEATRE

Tel. 3621 — 140 Kerk Street,
POTCHEFSTROOM.

WED. 17, THURS. 18, FRI. 19,
SAT. 20

African Consolidated Films
Presents

Emil Nofal's great adventure

WILD SEASON

GERT VAN DEN BERG
MARIE DU TOIT
JANIS REINHARDT
ANTHONY THOMAS
In Eastman Colour and
Wide Screen.

SATURDAY MORNING at 9.45 a.m.

SUMMER MAGIC

HAYLEY MILLS
BURL IVES

MON. 22, TUES. 23

Warner Bros. Presents
**BIG DEAL AT DODGE
CITY**

HENRY FONDA
JOANNE WOODWARD

WED. 24, THURS. 25

Metro-Goldwyn-Mayer Presents

**BRIDGE ON THE
RIVER KWAI**

WILLIAM HOLDEN
ALEC GUINNESS

Beligting, kostumering, grimering en byklanke verg besondere aandag veral ook gesien die feit dat die gehoor rondom en teenaan die speelpte plaasneem.

SAMESWERING

Tydens 'n onderhoud het mnr. Loots hom soos volg oor die stuk uitgelaat: „Ons Dorp” is 'n drama wat deur gevoelige eenvoud kontak soek met die diepste wese van ons menslike bestaan. Dit is waarom dit ook met die gehoor wil kontak maak, waarom dit van die gehoor vra om saam te speel, sodat almal, gehoor en spelers, 'n scort sameswering aangaan — en al die samesweerders weet dat hulle nie die werklikheid pro-

beer wees nie, maar saan agter die werklikheid gaan soek na die eintlike waarheid.

VORM

„Met die wedydse samewerking as voorwaarde, het die dramaturg sy strak vorm en verhooginkleding beplan: as daar werklike samehorigheid is, is dèkor oorbodig, en die vorm is die enigste wat die pretensiële inhoud sou toelaat.

WARM

Ons Dorp is 'n buitengewone drama: warm, menslik. Dit maak ons deel van die tyd, dit laat ons bedroef oor ons eie verlore jeug; oor die kortstondige geluk en lyding wat ons weet ons kinders nie kan ontvlug nie. Grawehoek is nie 'n dorple érens in die „bundu” nie — dit is 'n werklikheid binne-in die hart van die mens.”



Met gespanne aandag luister die gemeente wanneer Org Rocco en Emmie Webb in die huwelik bevestig word — 'n gedeelte uit die toneelstuk „Ons Dorp.”

Pote geklop in skaak

Die P.U.-skaakklub het Pote Vrydagaand 12 Mei vernietigend verslaan met 58-28.

In 'n onderhoud met mnr. Mac van der Merwe van die Skaakklub, het hy gesê: Pote kan miskien Rugby speel, maar hulle is nie slimmer as ons nie!”

Meesterkonsert

Die volgende meesterkonsert sal Saterdag 20 Mei in die konservatoriumsaal plaasvind. Sarie Lamprécht (alt), Pieter de Villiers (klavier), en Kees Peterse (altviool), tree saam op in 'n buitengewone aantreklike program, waarin die drie kunstenaars om die beurt en as soliste en in ensemble optree.

ALLE VERWAGTINGE OP KONSERT OORTREF

Die inter-koshuiskonsert van Saterdag 13 Mei in die Totiussaal het alle verwagtinge oortref. Met een stout sprong vorentoe is 'n moeilik bereikbare standaard gestel. In 'n konsert wat uitsluitlik uit sang bestaan het, kan dit amper 'n sangfees genoem word. Dit wil vir my voorkom asof hierin groot moontlikhede opgesluit lê.

Die hele konsert was fyner, mooier — selfs die gedrag van die toeskouers! 'n Afgerondheid en goeie smaak het deurentyd getref. Daar was niks wanklankigs in die aanbieding nie, behalwe miskien vir die eenbedryf wat plek-plek deur minder goeie spel onaf aangedoen het. Nietemin het dit groot byval gevind deur die verrassende en effens ironiese ontknoping Renske Sinia het oortuig met haar speelvernuif.

BESONDER

Ek kan nie reg aan al die deelnemers laat geskied nie, maar kunstenaars wat 'n besondere indruk gemaak het, is: Pierre Joubert wat ongeërg, amper nonsjaland, 'n eie en oorspronklike vertolking gegee het van „Wien du Stadt meiner Träume”; Amanda Joubert met Flotow se „M'Appari” — die dame het beïndruk met haar ontspanne verhoogspersoonlik-

heid en geofende ligte sopraanstem; Pieta Badenhorst met Beethoven se „Die Himmel rühmen.”

HOOGTEPUNT

'n Koor onder leiding van Lorenne du Plessis het aan die einde vir 'n gepaste en groot hoogtepunt gesorg. Bekende liederes soos „Wine, Women and Song, Möwe du fliegst in die Heimat e.a. is op 'n vars-nuwe wyse aangebied. Mej. Du Plessis verdien 'n spesiale woord van vermelding vir haar werk — hierdie koor vergelyk goed met die bestes. Trouens op die Puk is dit 'n nuwe geluid. 'n Mens moet net nooit te bewus wees van die gehoor nie?

Kortom: die hele konsert was 'n puik aanbieding, gebalanseerd en alles het vlot verloop. Dis net jammer daar was so min mense!?

P.H.R.

KUNSGESELSIE

... „en uit die eerste modders opgewek,

heivat ons klein, onwys, terwyl ons skel of prys die onvoltooide groot gesprek.”

Hierdie woorde van D. J. Opperman uit die gedig „Paddas” het my vandag gebring by 'n paar gedagtes oor die kunstenaarskap. In die gedig val drie dinge ons op: (1) klein, onwys; (2) skel of prys; (3) die onvoltooide groot gesprek.

OMGEKEERD

In omgekeerde orde van „belangrikheid” wil ek die, seker nie die enigste, kardinale sake by elke verantwoordelike woordkunstenaar veronderstel en belig. By Opperman kulmineer dit, aan die einde van dieselfde gedig, en in sy oeuvre, tot die groot hoogtepunt: „op Hom die groot hosannas.”

NOOD

Aan die onvoltooide groot gesprek neem die kunstenaar van

na die sondeval deel — deur alle eeue — tot vandag. Die nood en stryd van elke tydperk verander, wissel in die roering na die onafwendbare einde. Kragtens die kultuur opdrag van die mens moet hy die aarde kultiveer, herskep in die wurggreep van die sonde. En uit die verganklike van elke ding iets duursaam, iets tydloos tot stand bring.

KONSEKWENSIES

Dit toon vir my iets van die werklike roepingsbewuste kunstenaar voor God. Hieraan neem die groot geeste in die tyd deel. In hierdie visie het die kuns dan ook 'n besondere funksie. Ruk hy, in sy volle konsekwensies van ontsetting, ontroering, pyn, ontstellende visie op die werklikheid ens., die mens uit die klein selfgerigte bestaan, uit die materiële dinge, en maak hom attent op die ewige geestelike waardes. In groot kuns vind alles 'n neerslag wat die mens roer: boosheid en goedheid! Die onvoltooide groot gesprek is 'n „toesang” en „teësang”, 'n bitter kosbare taak; 'n soektog na die nood van ons tyd.

SKEL

Nou is dit ook so dat elke groot kunstwerk „skel” of „prys”. Ek wil my nie skuldig maak aan die psigologisme nie. Maar wie gaan die aard van die „lied” of „klag” bepaal? Vir die kunstenaar kan ons nie norme neerlê nie. Soos Opperman sê: hy „skep na die wil, maar tog na aangevoelde wet.” Nou wil ek nie beweer dat alles in die kunstwerk maar klakkeloos kan deur gaan nie Lewensfasette in die kuns en die kuns self mag nie verabsoluteer word nie! Tog bly die waarheid hier 'n vraagteken: so maklik kan dit verval in moraliserende prekië; veral deur diegene wat van die problematiek van die kunstwerk niks weet nie. Want die kunstwerk is nie betogend nie, maar beeldend kragtens die besondere wetmatighede deur die skeppende verbeelding van die kunstenaar.

DOODSONDE

„Klein, onwys” word hierdie groot onvoltooide gesprek gevoer, nederig en eerlik. By die groot kunstenaar vind ons 'n sterk religieuse besef, soos by Opperman, en dan is dit nederig. Groot kuns omvat die hele suggestende skepping letterlik alles kan betrek word, — volledige literêre kritiek, om saam met P.D. van der Walt te praat, sal van die hele omvang van die literêre kunstwerk rekenskap gee! Eenzydigheid is 'n „doodsonde,” alles moet in 'n suiwer ewewig verkeer!

P.H.R.

Fransman praat oor Parys

Op Maandag 22 Mei om 7.30 nm. sal mnr. Guy Leo algemene afgevaardigde van die Alliance Francaise, die Franse wêreldkultuurvereniging, die Cercle Francaise en ander belangstellendes toesprek in die Sielkunde-gebou kamer 132. Mnr. Leo se lesing sal handel oor „Die daaglikse lewe in Parys vanaf 1880 tot 1914. Die lesing sal toegelig word met skyfies, liederes en tekste uit die genoemde periode.

Met komplimente van

A J A X

(Edms.) Bpk.

BOEKE —

SKRYFBEHOEFTE

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL
SLEEP

Koshuisbestellings: 6039



AFGEVAARDIGDE

Na 'n hoogs immorele onderhoud met die S.R.-voorsitter van die Tarentaalse Universiteit mnr. Hekkies Soetsee, kan die Voetpad hoogs sensasioneel aan sy vier lesers (ja, ons het nog een bygekry) meedeel dat die T.U. nie 'n waarnemer na die kongres van Nusans sal stuur nie. „Ons is bevrees vir radikale indoktrinering en duistere aanvalle op ons verteenwoordiger,” het mnr. Soetsee gesê, en bygevoeg: „Ons verneem mej. Maggie

Maarskalk is glo 'n tier met haar mond.”

KUNSMISTIG

Die Voetpad se sportverslaggewer berig ontmoedigend dat ten spyte van kunsmistige middels om die T.U. se rugbykrag op te skuif, hulle jammerlik in die stof bly lê het teen die hoërskool-oorkant-die-straat (beter bekend as die Voete). Mnr. Piet Kalant het aan Die Voetpad gesê dat hy vol vertroue is dat sy span volgende keer met 5-13-5 teen die Voete sal triomfeer.

Dink die Afrikaner nog?

Dit word soms beweer dat die Afrikaner nie kan dink nie. „Hulle kan nie vir hulleself dink nie,” word gesê.

Kom ons laat hierdie stelling daar en let eers op die persone wat dit sê. Eerstens is daar 'n groep wat dink dat 'n mens net kan dink as jy soos hulle dink. Hierdie vyande van die Christendom, die Westerse beskawing, demokrasie en behoudende van die Afrikaner is vir ons meer as bekend. Hierdie mense verteenwoordig ook meer as een filosofiese rigting.

'n Ander groep, wie se bedoeulings reg is, kritiseer die Afrikaner omdat hy soms te lui is om sy denke in te span. Die gemaksgewone lewe wat ons lei, maak hierdie standpunt wel waar. Dit, sonder om te veralgemeen. Daagliks ervaar ons dit op ons universiteite. Studente is geneig om denkry voort te gaan. Hiervoor kan moeilik verskonings gevind word.

'n Mens wat 'n onderwerp met

die denke kan beheer, het 'n voorsprong bo 'n mens wat dit met sy geheue meedra. Die denker dien as 'n waardevolle beskermheer van 'n saak, want dit is hy wat probleme en gevare kan voorsien en kan bekamp. Vir hierdie doel is denke noodsaaklik en moet dit gekoester word; soos spierpotensialiteit deur oefening ontgin word, so ook denkpotensialiteit.


Die vraag is nou: hoe kan

denkvermoë vermeerder word? 'n Mens moet nie net op belezenheid konsentreer nie, want deur net te lees word nooit geleer om self te dink nie. Lees moet 'n doel dien. Die geleesde feite moet self oordink word. Lees, versamel feite, sorteer en bedink dan self.

Gesprekke kan ook grootliks bydra tot die prikkeling van denke. Studente, met gemeenskaplike belangstellings, behoort in gespreksgemeenskappe by mekaar te kom en die onderwerp van belangstelling te oordink. Laasgenoemde vra slegs inisiatief.

J. M. T. LABUSCHAGNE

Wat het Tosca, Stella, Piet Plessis, Jan Kemp, Amalia en Scientia in gemeen met Kommissarisstraat, Johannesburg?



Volkskas is op al hierdie plekke. Met meer as 400 kantore in die Republiek en Suid-Wes, bring die bank sy kwaliteitsdienslewering tot op u drumpel — hetsy grootstad of kleindorpie.

Inheems soos die Afrikanerbees, maar met meer as 200 agente en korrespondente in die buiteland, lewer Volkskas landswye sowel as 'n wêreldwye bankdiens van die hoogste gehalte. Die bank is ingerig om elke denkbare geldtransaksie te hanteer vir boer en korporasie, nyweraar en handelaar,

belegger en salarisman — selfs van Stampriet in Suidwes tot op enige plek op die aardbol.

Die mees moderne rekenoutomaat word tans in gebruik geneem om 'n puik bankdiens vir die bank se groeiende aantal kliënte in hierdie moderne tye te verseker.

VOLKSKAS



BEPERK (GEREGISTREERDE HANDELSBANK)
HOOFKANTOOR: PRETORIA

Volkskas staan vir flink, volledige bankdienste



In die wedstryd teen Rhodes verlede jaar het die Pukke gewys waartoe hulle in staat was. „Wat is nou met ons eerstespan verkeerd?“, word in die berig oor die wedstryd teen Pote gevra.

GESPREGSGEMEENSKAP VIR SPORT GESTIG

Deur die inisiatief van mnr. J. M. T. Labuschagne (Swart Lappies) is verlede jaar 'n Sportgespreksgemeenskap deur ongeveer vyftien P.U.-studente gestig met die doel om sportbeoefening deur gesprek in diepte te ontleed. Daar word beoog om die kennis so verkry later te versprei en toe te pas en om sodoende die individuele en gemeenskapsfunksies, wat uiting vind in sport, te dien. Die gemeenskappe wat gedien wil word, is die universiteit en die breëre gemeenskap.

Sportgespreksgemeenskap het ook 'n inisiëeringsfunksie nl. om te help toesien dat die idee van intellektuele deurgronding ook uitgedra word na ander gemeenskapsaktiwiteite waardeur langtermyn en standhoudende resultate verkry kan word. Dit kom dus daarop neer dat die sportgespreksgemeenskap hom meer bepaal by die psigiese aspek van sport waardeur sport meer bepaald deur denke gedien word; deur te beplan, ondersoek, deur te rig en te dien.

REFERATE

Die volgende referate is tot dusver deur die vereniging uitgewerk: Die sielkunde in sport, die rol van bewegingsleer in sport, die wiskunde en fisika van sport, sosiologie en sport, fisiologie van sport, die noodsaaklikheid van 'n goeie kardiorespiratoriese fiksheid vir 'n goeie uithou vermoë en sportadiministrasie.

PUBLIKASIE

Die groepie sportentoesiaste, waarvan die lede uitgesoek is en wat persone soos oom Piet Malan en Hans van Zyl insluit, vergader tweeweekliks en bespreek dan allerlei sake van belang i.v.m. sport ook in die algemeen. Hulle beoog om in die toekoms deur middel van Die Wapad en andersins meer na buite te werk deur hul bevindings te laat publiseer.

Stoeiklub vaar goed

Die Puk se stoeiklub het verlede Vrydagaand daarin geslaag om dié van die Pretoriaanse Normaalkollege met 6 gevegte teenoor 3 die loef af te steek.

Die uitslae was soos volg: middelgewig: Jan Pretorius, Wollie Wolmarans en J. Boshoff wen hulle gevegte met 'n val elk. Ben van Zyl het twee gevegte onderskeidelik met 'n val gewen.

Liggewig C. Kruger het met punte gewen, terwyl veergewig J. Booysen sy twee gevegte elk met 'n val verloor het. Kapogewig A. Oelofse se teenstander het hom met 'n val geklop.

Daar was 'n redelike aantal toeskouers teenwoordig wat die stoei geniet het en die nodige aanmoediging verskaf het.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.



MNR. J. M. T. LABUSCHAGNE

PUKKE VERLOOR WEER

Die span van Rustenburg het Saterdag daarin geslaag om die Universiteit met 6—3 te klop. Die wedstryd het deurentyd baie spannend verloop, maar nie een van die spanne het die nodige deurdringingsvermoë getoon nie.

Dit lyk asof die Puk net groot rugbyname het, maar nie 'n wenspan wat as 'n eenheid saamspeel nie. Die bal word nog steeds staan-staan in die agterlyn ontvang en die voorspelers speel nog nie met vuur nie.

ENIGSTE PUNTE

Die Geeltruie se enigste punte is aangeteken deur Kobus Venter. Die drie kon nie vervyf word nie. Rustenburg het twee keer agter die studente se doellyn gaan kuier, maar hul kon ook nie die drieë vervyf nie.

Die tweede span het goed gespeel, maar later verslap. Hulle het gelykop gespeel met 6 punte elk. Vir die Universiteit het

Die Pukke het geantwoord met 'n drie deur Ibert Joubert nadat die agterlyn mooi na links beweeg het. Jammer dat hulle agterlyn nie meer die bal na die vleuels laat loop het nie. Martin Grundlingh kon die drie nie vervyf nie. Telling: 3—3.

Die Universiteit het daarna 'n strafskop voor die Pote se pale gekry en Grundlingh het dit oorgeskop. Die Pukke het vasgeskop en die geringe voorsprong behou. Dit was ook die rustyd-telling.

VERWOED

Nadat die spanne omgedraai het, het die Pote verwoed aangeval en met hulke ligte voorspelers op die bal geboer.

Die Geeltruie het 'n seker kans om punte aan te teken in die water gegooi toe hulle voor Pote se pale 'n strafskop gekry het en Jan Schutte 'n kortskoppe gelos het wat weer op niks uitgeloop het nie.

SKITTEREND

Die spel het van die een kant van die veld na die ander verskuif en in die doodsnikke van die wedstryd het Kearney van Pote vir hom 'n pad oopgebeur en oorgeval vir 'n baie mooi drie. Die vervyfskop is skitterend deur Geyser oorgeklits. Die eindfluitjie het kort daarna ge-

Gawie Yssel en Dollie de la Port elk 'n drie gedruk terwyl Rustenburg geslaag het met 'n drie en 'n strafskop.

Frik Swart, senter van die Puk, het skitterend gespeel en verdien beslis 'n kans in die eerstespan.

VERLOOR

Dawie Doep en Over de Voor het albei verloor. Die O19B span het vir 'n verrassing gesorg toe hulle byna die sterk span van Sasolburg, medehouers van die beker, geklop het. Hulle het met 8—6 verloor. Die O19A span het met 3 elk gelykop gespeel teen die sterk en swaar span van Strathvaal.

Begeesterde Pote klop die Pukke

DIE Pote het verlede Woensdag vir een van die grootste verrassings in die Wes-Transvaalse rugbyliga gesorg toe hulle die Pukke met 8—6 geklop het.

Die wedstryd het deurentyd baie spannend verloop en daar was aanvanklik min te kies tussen die twee spanne.

Die eerste punte is aangeteken deur Louw Geyser, heelagter van Pote, toe hy met 'n pragtige skepskop geslaag het. Telling: 3—0.

Die Pukke het geantwoord met 'n drie deur Ibert Joubert nadat die agterlyn mooi na links beweeg het. Jammer dat hulle agterlyn nie meer die bal na die vleuels laat loop het nie. Martin Grundlingh kon die drie nie vervyf nie. Telling: 3—3.

Die Universiteit het daarna 'n strafskop voor die Pote se pale gekry en Grundlingh het dit oorgeskop. Die Pukke het vasgeskop en die geringe voorsprong behou. Dit was ook die rustyd-telling.

blaas en die Pukke moes as verloorders van die veld afstap.

WELVERDIEND

Dit was voorwaar 'n welverdiende oorwinning deur 'n begeesterde span wat deurgaans gespeel het om te wen. Daarenteen het die Universiteit sonder plan gespeel en is daar dikwels doelloos geskop. Hiervoor was die losskakel, Theron, verantwoordelik.

Die senters het nie hulle spoed gebruik nie en Koos du Plooy het twee belaglike skepskoppe met 'n volle agterlyn langs hom probeer. Op heelagter het Martin Grundlingh sy beste wedstryd tot sover vanjaar gespeel.

BELANGRIKHEID

Onder die voorspelers was dit net witkop Theuns Kruger en Deon Malan wat hulle sout werd was. Dit lyk asof die ander nie die belangrikheid van die wedstryd besef het nie.

LEIDING

Daar is érens 'n groot skroef los. Miskien is dit die spelers se houding teenoor die spel? Dit het vir my voorgekom of daar nie die nodige leiding is nie — of is daar dalk fout met die afronding en afgrigting? Miskien sal 'n mens hierdie vrae in die komende wedstryde kan beantwoord.

C.J.S.

Landloopspanne presteer

Twee landloopspanne van die P.U. het Saterdag 29 April aan die Pretoria-Hartebeespoortdam (± 23 myl) aflos deelgeneem, en baie goed gevaar. Verskeie van die beste landloopspanne van N-Tvl. het ook deelgeneem o.a. Normaal, Tukkie, Weermag, Polisie en Proteaklub.

REKORD

Die P.U. se A-span met L. van Wyk, G. Muldner, G. van Eck, C. Hatting, L. Snyman en F. Heystek was eerste, Protea tweede en Weermag derde. Die B-span was agste. L. van Wyk en G. Muldner het die vinnigste tye oor hul afstande afgelê. L. van Wyk het 'n rekord van C. Minaar laat spat.

INTERKOSHUIS

Die interkoshuislandloop het Woensdagmiddag 26 April op die Oude Molen-terrein plaasgevind. Die individuele wenner was G. van Eck van Pote wat saam met 'n paar ander Pote-atlete op uitnodiging deelgeneem het, terwyl Chris Hattingh van die Universiteit tweede was, F. Heystek en W. van Zyl derde — laasgenoemde twee ook van die Universiteit. Die spankompetisie is gewen deur Dorp, met kompleks tweede en Dawie Doep Noord derde terwyl Dawie Doep-Suid die vierde plek verower het. Die afstand was vier myl.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

AANKONDIGING

PAN COETZEE

UNIEWINKELS



GRAAG KONDIG ONS AAN DAT DIE WELBEKENDE FIRMA, PAN COETZEE, NOU ONDER BESTUUR IS VAN UNIEWINKELS, DIE MODERNE WINKEL, MET MODERNE DINGE VIR MODERNE MENSE.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief...“

Turkstra

te kry by u kafeteria